

12 April

Johannes 17:1-26

(Teks: 17:9)

"Ek bid vir julle..."

In hierdie gebed tree Jesus, nou reeds in die skaduwee van die kruis, priesterlik in vir Homself, vir sy dissipels en vir almal wat deur hulle tot geloof sal kom; dus vir sy hele kerk op aarde.

Christus bid. Hoe anders is hierdie gebed nie as die gebed in Getsemane nie, net voor sy gevangening. Daar was Christus doodsbenoud en smee Hy: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan."

Maar in hierdie gebed bid Christus oor die verheerliking van sy Vader en vir sy dissipels.

Ek bid vir *hulle*; dit is dié wat die Vader aan Christus gegee het, almal dus wat God uitverkies het tot die ewige lewe. Die dissipels moet nou agterbly en die kruisboodskap verkondig. En almal moet deur hulle woord salig word. Hulle almal, ons almal wat "nie tot hierdie wêreld behoort nie."

Christus bid vir ons, ons vandag, 20 eeue later. Hoe wonderlik is dit nie dat ons só daaraan mag dink nie! Vir ons in 'n verwarrende wêreld en in ons verwarde lewens! Christus het só vir sy kerk gebid, en vir ons, ja vir elkeen van ons.

Hy bid dat God ons sal bewaar, dat ons kinders van God sal bly tot die einde toe. Hy bid dat sy kerk één sal wees, dat al die gelowiges één sal wees. Maar waarom is daar dan *so min, so bitter min* van dié eenheid te sien? Waarom is daar verdeeldheid onder Christene?

Christus bid, juis sodat die eenheid herstel sal word, en ja, ons weet dit, die eenheid sal ook volkome herstel word aan die einde van die tyd.

Maar dit neem dit nie weg dat elke gelowige die eenheid ook nou moet nastreef; daarvoor het Christus gebid! En daarvoor moet ons bid en werk, totdat Hy weer kom.

Sing Skrifberyming 9:1 en 3Dr. H.A. van Dalsen (Bloemfontein-Noord)